| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE |
| **VAK** | TOERISME |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 200 |
| **TYD (URE)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 25 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **VYF** afdelings.

2. Beantwoord **AL** die vrae.

3. Begin **ELKE VRAAG** op 'n **NUWE** bladsy.

4. Nommer jou antwoorde volgens die nommeringstelsel van hierdie vraestel.

5. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. **VRAAG 3** moet tot die tweede desimaal afgerond word.

8. Die volgende tabel is 'n riglyn om jou te help om te bepaal hoeveel tyd jy aan elke afdeling moet spandeer.

| AFDELING | ONDERWERP | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| AFDELING A | Kort vrae | 40 | 20 |
| AFDELING B | Kaartwerk en Toerbeplanning; Buitelandse Valutaverhandeling | 50 | 50 |
| AFDELING C | Toerisme besienswaardighede; Kultuur- en Erfenistoerisme; Bemarking | 50 | 50 |
| AFDELING D | Toerisme sektore; Volhoubare- en Verantwoordelike Toerisme | 30 | 30 |
| AFDELING E | Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme; Kommunikasie en Kliëntediens | 30 | 30 |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180 minute** |

## AFDELING A:  KORT VRAE

### VRAAG 1

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee.  Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. **1.1.21 D.**

1.1.1 Die bank verkoop koers is altyd … die bank aankoop koers.

A. dubbel
B. gelyk aan
C. hoër as
D. laer as

1.1.2 ‘n Voorbeeld van ‘n onvoorsiene gebeurtenis:

A. Kroning van Koning Charles III
B. Olimpiese Spele
C. Uitbreek van Covid-19
D. Wêreldreismark (World Travel Market)

1.1.3 TWEE ikone wat in LONDON aangetref word:

A



B



C



D



A. Ikoon A en D
B. Ikoon A en C
C. Ikoon B en C
D. Ikoon C en D

1.1.4 ‘n Aspek wat NIE ‘n oorsaak is vir die fluktuasie van wisselkoerse NIE:

A. Inflasiekoers
B. Bank verkoop koers
C. Bruto binnelandse produk
D. Beleggervertroue

1.1.5 ‘n Voorbeeld van ‘n ekonomiese krisis in Suid-Afrika:

A. Plundery van winkels
B. Beurtkrag
C. Vloede op die kusgebiede
D. Veldbrande

1.1.6 Nadat ‘n toeris geland het op ‘n internasionale lughawe, word die rooikanaal gevolg indien:

A. Die toeris iets het om te verklaar
B. Die toeris niks het om te verklaar nie
C. Die toeris geen voorskrifmedikasie het nie
D. Die toeris sy/haar reisdokumente moet toon.

1.1.7 ‘n Natuurlike Wêrelderfenisterrein wat in Kwazulu-Natal geleë is:

A. Vredefort Koepel
B. Maloti Drakensberg Park
C. iSimangaliso Vleilandpark
D. Wieg van die Mensdom

1.1.8 Die organisasie wat verantwoordelik is vir die invordering van inligting oor die aankoms en vertrek van toeriste na en van Suid-Afrika:

A. TGCSA
B. DTGS
C. Stats SA
D. TOMSA

1.1.9 ‘n Passasier wat op ‘n 12 ure vlug van Suid-Afrika na die Verenigde Koninkryk vlieg, sal aan hierdie toestand ly:

A. Vlugvoosheid
B. Vlugfobie
C. Vlugspanning
D. Vluguitputting

1.1.10 ‘n Basiese diensvoorwaarde wat by ‘n dienskontrak ingesluit is:

A. Kern pligte
B. Produkverpakking
C. Etiese optredes
D. Maatskappy beleid

1.1.11 Die stempel in die prent hieronder dui aan dat jy toestemmming het vanaf … om ‘n land binne te mag gaan.




A. die President van die land wat besoek word
B. die Minister van Buitelandse sake
C. die Minister van Toerisme
D. die ambassade/konsulaat van die land wat besoek word

1.1.12 Die Kremlin is ‘n ikoon wat in hierdie stad besoek kan word:

A. Tokyo
B. Bangkok
C. Singapoer
D. Moskou

1.1.13 ‘n Internasionale Bestuurspermit (IBP) word deur hierdie instansie uitgereik:

A. Departement van lisensies
B. Departement van Binnelandse Sake
C. Automobiel Assosiasie
D. Reis klinieke

1.1.14 Die uitbarsting van ‘n vulkaan op ‘n eiland wat op toerisme-inkomste steun, sal die volgende impak hê:

A. Veldblomme wat blom en ‘n toename in eko-toeriste op die eiland
B. Beskadigde paaie en minder toeriste wat die eiland besoek
C. ‘n Vuurwerkvertoning wat meer toeriste na die eiland lok
D. Swaar sneeu-neerslae wat toeriste lok vir ‘n ski-vakansie

1.1.15 ‘n Onaanvaarbare diensvoorwaarde in die toerismebedryf:

A. Dra ‘n eenvorminge uniform
B. Werk op openbare vakansiedae
C. Beperkte reisvoordele
D. Geen kennisgewing vir afdanking nie

1.1.16 Beijing, China (+8) lê … van Parys, Frankryk (+1).

A. Noord
B. Oos
C. Suid
D. Wes

1.1.17 Die Getaway skou bemark ’n buitelug leefstyl en avontuur-ervarings vir binnelandse toeriste in hierdie provinsies:

A. Wes-Kaap en Gauteng
B. Vrystaat en Kwazulu-Natal
C. Oos-Kaap en Noordwes
D. Noord-Kaap en Limpopo

1.1.18 Die beste raad aan hotel gaste om water te bespaar:

A. Eerder te bad as te stort
B. Hulself in die hotel se swembad te was
C. Geensins te bad of te stort nie
D. Eerder te stort as te bad

1.1.19 Hierdie logo word by al die Wêrelderfenisterreine vertoon:

A. SAHRA Ndzalama ya Rixaka South African Heritage Resources Agency

B. HERITAGE

C. UNESCO

D. World Health Organization

1.1.20 Die G7-beraad met wêreldleiers wat in 2023 in Japan plaasgevind het is ‘n voorbeeld van:

A. ‘n Politieke situasie
B. ‘n Wêreldberaad
C. ‘n Plaaslike gebeurtenis
D. ‘n Wêreld sportgebeurtenis

(20x1) = **[20]**

1.2 Kies die provinsie in KOLOM B wat pas by die Wêrelderfenisterrein in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-G) langs die vraagnommers (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv **1.2.6 Noordwes.**

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Vredefort Koepel | A | Gauteng |
| 1.2.2 | Hominiede fossiel terrein van Suid-Afrika | B | Mpumalanga |
| 1.2.3 | Mapungubwe Kulturele landskap | C | Kwazulu-Natal |
| 1.2.4 | Barberton Makhonjwa Berglandskap | D | Oos-Kaap |
| 1.2.5 | Maloti Drakensberg Park | E | Limpopo |
| | | F | Vrystaat |
| | | G | Wes-Kaap |

(5x1) = **[5]**

1.3 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv **1.3.6 visum.**

1.3.1 ‘n Suid-Afrikaanse paspoort is vir (5 jaar / 10 jaar) geldig.

1.3.2 Indien London, Engeland besoek wil word deur ‘n Suid-Afrikaner moet aansoek gedoen word vir ‘n (Schengen/Britse) visum.

1.3.3 ‘n Gesondheidsertifikaat is ‘n aanduiding dat ‘n toeris ingeënt is teen (Covid-19 / Geelkoors).

1.3.4 Reistoelae na Suid-Afrika laat toe vir (1 liter/2 liter) wyn deur Doeane.

1.3.5 ‘n Paspoort word aan Suid-Afrikaners uitgereik deur die (Departement van Binnelandse Sake/Die Departement van Buitelandse Sake).

(5x1) = **[5]**

1.4 Kies die korrekte afkorting van ‘n organisasie vanuit die onderstaande lys wat by die beskrywings pas. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv **1.4.6 FIFA**

| |
|---|
| EU; BRICS; COP; WGO/*WHO;* SA Toerisme; ITB; WTM; TBCSA; UNESCO; SAHRA; G20; PRASA; G7 |

1.4.1 Die grootste Toerisme Handelskou wat jaarliks in Duitsland gehou word.

1.4.2 Hierdie organisasie is verantwoordelik vir die bemarking van Suid-Afrika in die buiteland.

1.4.3 Die organisasie wat heffings van alle toerisme besighede in Suid-Afrika insamel.

1.4.4 ‘n Organisasie waaraan die meeste lande in Europa behoort.

1.4.5 Hierdie organisasie probeer die verspreiding van siektes in die wêreld voorkom.

(5x1) = **[5]**

1.5 ‘n Lodge in die Drakensberge streef na Volhoubaarheid.
Klassifiseer elke voorbeeld van goeie praktyke hieronder, onder die drie pilare van Volhoubare Toerisme naamlik Ekonomies, Sosiaal of Omgewing.
Skryf slegs die woord **Ekonomies, Sosiaal of Omgewing** teenoor die vraagnommer in jou antwoordboek.

1.5.1 Die Lodge herlei hul gryswater om die tuine nat te gooi.

1.5.2 Werknemers kry ‘n aandeel in die Lodge indien hulle ‘n sekere aantal jare getrou werk.

1.5.3 Die Lodge se restaurant koop al hul vars produkte by plaaslike boere in die omgewing.

1.5.4 Die Lodge het ‘n staande reëling met die plaaslike skool om een keer per week hul rugbyvelde te sny.


1.5.5 Die Lodge vervaardig hul eie kompos, wat in hul tuine gebruik word. **[5]**

**TOTAAL AFDELING A: [40]**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA VERHANDELING

### VRAAG 2

Bestudeer die Wêreld Tydsone Kaart hieronder, lees die inligting en beantwoord die vrae wat volg.



NETBALL WORLD CUP CAPE TOWN 2023




Die 2023 Netbal Wêreldbeker sal die 16de van sy soort wees, en word elke 4 jaar aangebied. Die toernooi sal gehou word vanaf Vrydag 28 Julie tot Sondag 8 Augustus by die Internasionale Konferensiesentrum in Kaapstad, Suid-Afrika. Dit sal die eerste keer wees wat Suid-Afrika die toernooi huisves.

In August 2022, is die amptelike gelukbringer na ‘n publieke kompetisie bekendgestel. Letsasi, die meerkat, ontwerp deur die 11- jarige Violet Cassidy van Manchester, Engeland se naam beteken ‘son’.

*[Aangepas en vertaal uit: https://en.wikipedia.org/wiki/2023_Netball_World Cup]*

Phillip en sy vrou is albei Amerikaners en kom vanaf Los Angeles, VSA, vir die Netbal Wêreldbeker, aangesien hul dogter vir Engeland speel. Hulle gaan ‘n motor huur in Kaapstad om self die stad tussen deur die netbal te ontdek.

2.1 Noem DRIE reisdokumente wat Phillip en sy vrou sal benodig om Kaapstad te besoek. (3)

2.2 Phillip en sy vrou se vlug vertrek op 26 Julie om 08:00 vanaf LA Internasionale lughawe (-8) na Dulles Internasionale lughawe in Virginia (-4). Vliegtyd is 5 ure waarna hulle 4 ure sal oorstaan en weer vir 15 ure sal vlieg vanaf Dulles na Kaapstad Internasionale lughawe.

2.2.1 Bereken hul totale reistyd. (3)

2.2.2 Bereken die tyd en datum wat hulle in Kaapstad sal arriveer. **Die VSA gebruik daglig besparings tyd vanaf 12 Maart tot 5 November 2023** (5)

2.2.3 Sal hulle betyds wees vir die openingswedstryd van die Netbal Wêreldbeker? Motiveer jou antwoord. (2)

2.3 Adviseer Phillip en sy vrou oor hoe hulle vlugvoosheid kan verminder deur TWEE maatreëls te noem wat hulle kan toepas tydens die lang vlug. (2)

2.4 Verskaf DRIE veiligheidsmaatreëls vir die egpaar terwyl hulle in Kaapstad met hul huurmotor ry. (3)

2.5 Phillip wil die volgende items saambring na Suid-Afrika:

- 2L Wyn
- 1L sterk drank
- 50ml parfuum wat hy belastingvry op die lughawe gekoop het.

Adviseer hom deur aan te dui deur watter kanaal hy moet gaan op Doeane. Motiveer jou antwoord. (2)

2.6 Met hul terugvlug besluit hulle om eers Engeland toe te gaan saam met hul dogter. Hul vlug vertrek op 9 Augustus om 19:00 vanaf Kaapstad Internasionale lughawe na Heathrow lughawe in London. Vliegtyd is 12 ure. Bereken die tyd en datum wat hulle in London sal arriveer.
**London gebruik daglig besparings tyd vanaf 26 Maart tot 29 Oktober 2023.** (5)

**[25]**

© SACAI KOPIEREG

## VRAAG 3

3.1 Bestudeer die geldeenheid wisselkoers tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

- Wys ALLE bekeninge
- Rond jou antwoorde af tot TWEE desimale plekke.

| BUITELANDSEVALUTAKOERSE | | | |
|---|---|---|---|
| **Rand per buitelandse geldeenheid** | | | |
| **Geldeenheid** | **Kode** | **Bank verkoop koers** | **Bank aankoop koers** |
| Amerikaanse Dollar | USD | 17.48 | 17.22 |
| Pond Sterling | GBP | 21.08 | 20.84 |
| Euro | EUR | 18.86 | 18.51 |

*[Soos op Februarie 2023]*

3.1.1 Phillip en sy vrou begroot R1 000 per dag vir sakgeld vir hul 14-dae lange besoek aan Kaapstad. Bereken hoeveel hulle sal moet spaar in hulle eie geldeenheid. (4)

3.1.2 Voor hul vertrek na London, Engeland het hulle nog R3 500 oor. Bereken hoeveel hulle sal kry in Engeland se geldeenheid. (3)

3.1.3 Noem DRIE betalingsmetodes wat gebruik kan word deur Phillip tydens hul internasionale reis. (3)

3.2 Indien ‘n toeris Spanje besoek, noem die plaaslike geldeenheid waarin verhandel moet word. (1)


3.3 Indien ‘n toeris Japan besoek, noem die plaaslike geldeenheid waarin verhandel moet word. (1)

3.4 Noem DRIE faktore wat kan bydra tot die fluktuering van wisselkoerse. (3)

3.5 Verduidelik hoekom die bank verkoop koers gewoonlik hoër is as die bank aankoop koers. (2)

© SACAI KOPIEREG

3.6 Bestudeer die onderstaande prent van die vermenigvuldigings effek en beantwoord die vraag.




3.6.1 Skryf 'n paragraaf waarin jy verduidelik hoe die vermenigvuldigings effek in werking gestel word in Kaapstad met die aanbied van die Netbal Wêreldbeker en aankoms van Phillip en sy vrou.

Jou paragraaf moet die volgende punte bevat:

- Die definisie van die vermenigvuldigingseffek. (2)
- Voorbeelde van EEN toerisme sektor wat bevoordeel sal word. (2)
- Voorbeelde van TWEE ander sektore wat bevoordeel sal word. (4)

**[25]**


**TOTAAL AFDELING B: [50]**

# AFDELING C: TOERISME BESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING

## VRAAG 4

Joan, 'n Suid-Afrikaner is gefassineerd met die fliek *'Around the World in 80 days'.* Sy wil 'n soortgelyke reis aanpak wanneer sy klaar is met haar studies. Sy doen navorsing oor die roete wat sy wil reis, asook die ikone wat sy wil besoek. Bestudeer die onderstaande kaart en beantwoord die vrae.




4.1 Dui aan of Joan se roete 'n liniêre of sirkelroete is.
Motiveer jou antwoord. (2)

4.2 Identifiseer TWEE kontinente wat Joan NIE tydens haar reis gaan besoek NIE. (2)

4.3 Joan se reis begin by haar tuisland, Suid-Afrika. Identifiseer die hoofbestemmings wat sy gaan besoek volgens die kaart. Gebruik die onderstaande prente om die ikone te identifiseer. Skryf slegs die NAAM van die Ikoon asook die LAND waar dit geleë is, regoor die vraagnommer in jou antwoordboek. **Bv. Grand Canyon, VSA.**

| 4.3.1 | 4.3.2 |
|---|---|
|  |  |

| | |
|---|---|
| 4.3.3  | 4.3.4  |
| 4.3.5  | |

(5x2) = (10)

4.4 Lees die onderstaande artikel met 'n paar feite van die Grand Canyon en beantwoord die vrae.



- Die Grand Canyon is groter as die staat van Rhode Island en is 1.6 km diep, 446 km lank en tot 29 km breed.
- Die Grand Canyon opsig self kan 'n invloed hê op die weersomstandighede. Dit het 'n hoogteverspreiding van ongeveer 610m tot oor die 2 438m, wat verskillende weersomstandighede teweegbring. As gevolg sal temperature verhoog met 5.5 grade, tydens elke 300m se verlies van hoogte.
- Binne die Canyon is ongeveer 1 000 grotte versteek waarvan slegs 335 aangeteken is. Nog minder is gekarteer en bestaan daar geen details oor nie. Slegs een grot is oop vir die publiek – Die Grot van die Koepels by *Horseshoe Mesa.*

- Die Grand Canyon is uitgekerf oor 6 die miljoen jaar gelede, en is veroorsaak deur geologiese aktiwiteite en erosie deur die Colorado rivier.
- Die gevaarlikste dier in die Canyon is die rots-eekhoring. Die Canyon het 'n groot verskeidenheid wildlewe bv. Groothoring skape, verskeie bokspesies en die sogenaamde Gila monster. Maar dit is die rots-eekhorinkie wat die meeste probleme veroorsaak. Talle besoekers word jaarliks gebyt deur hierdie eekhorinkies wanneer hulle probeer om hulle te voer.
- Toeriste kan die Grand Canyon vanuit die lug aanskou, sonder om die grond te verlaat. Die Lugbrug, bestuur deur die Hualapai stam en geleë op hul stamgrond, is 'n hoefyster vormige staalraam waarvan die oppervlakte van glas gemaak is. Hierdie lugbrug neem jou ongeveer 21m van die rant van die canyon af.

[Aangepas en vertaal uit: https://www.doi.gov/blog/13-things-you-didnt-know-about-grand-canyon-national-park]

4.4.1 Identifiseer die LAND en die KONTINENT waar die Grand Canyon geleë is. (2)

4.4.2 Noem TWEE tipes toeriste wat die Grand Canyon sou wou besoek. (2)

4.4.3 Noem TWEE aktiwiteite wat by die Grand Canyon gedoen kan word deur besoekers. (2)

4.4.4 In die artikel word genoem dat besoekers slegs een van die ongeveer 1 000 grotte mag besoek.
Wat dink jy is die rede hiervoor? (2)

4.4.5 Verduidelik hoe die plaaslike inwoners soos die Hualapai stam bevoordeel kan word omdat hulle naby die Grand Canyon woon.
Noem TWEE idees. (2)

4.4.6 Dui aan of die Grand Canyon 'n UNESCO Wêrelderfenisterrein is.
Motiveer ook die rede hoekom dit is/nie is nie. (2)

4.4.7 Verskaf aan die regering TWEE idees oor hoe hulle kan verseker dat die Grand Canyon vir volgende generasie bewaar kan word. (4)

4.4.8 Die Lugbrug is van glas en is 1 450m bo die bodem van die Canyon.
Sal jy daarop wil loop?
Motiveer jou antwoord. (2)

**[30]**

## VRAAG 5

5.1 Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae:

**Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap**



Die 160,000 ha Richtersveld Landskap bestaan uit ‘n dramatiese botaniese berglandskap en vorm deel van die kultureel gedeelde landskap wat gemeenskaplik bestuur word. Die area word bewoon deur die semi-nomadiese Nama mense wat seisoenaal rondtrek al vir meer as 2 000 jaar in Suidelik Afrika. Dit is ook die enigste area waar Nama mense nog draagbare gras-hutte (haru om) bou en sluit seisoenale immigrasie, volgens beskikbaar weivelde en voorraad poste in.

**ǂKhomani Kulturele Landskap**



Die ǂKhomani Kulturele landskap is geleë op die grens van Suid-Afrika, Botswana en Namibië waarvan ‘n deel ook die Kalahari Gemsbok Nasionale park insluit. Die uitgerekte sand-landskap bevat bewyse van menslike bewoning vanaf die Steentydperk tot nou toe. Dit word geassosieer met die kultuur van die voorheen nomadiese ǂKhomani San mense en hul strategieë wat hulle gehelp het om by die harde woestynlewe aan te pas. Die ǂKhomani Kulturele landskap getuig van ‘n manier van lewe wat oorleef het in die area vir meer as 2 000 jaar.

*[Aangepas en vertaal uit: https://whc.unesco.org/en/list/]*

5.1.1 Noem die provinsie in Suid-Afrika wat die tuiste is van albei hierdie Wêrelderfenisterreine. (1)

5.1.2 Albei hierdie terreine word geklassifiseer as kulturele Wêrelderfenisterreine.
Skryf TWEE paragrawe waarin jy die belangrike kulturele betekenis van elk van die terreine beskryf.
Begin elke paragraaf met die opskrif van die terrein. (2x2) = (4)

5.1.3 Verduidelik die impak op die provinsie genoem in Vraag 5.1.1 indien hulle baie inkomende besoekers ontvang wat hierdie Wêrelderfenisterreine sou besoek. (2)

5.1.4 Een van die faktore vir die sukses van ‘n attraksie is om universele toegang te verskaf.
Dink jy hierdie twee terreine voldoen aan hierdie vereiste?
Motiveer jou antwoord. (2)

5.1.5 Adviseer die provinsiale owerheid oor hoe hulle universele toegang tot hierdie terreine kan verbeter. (2)

5.1.6 Bespreek nog TWEE faktore (behalwe universele toegang) waarop die bestuur van hierdie twee terreine kan fokus om te verseker dat dit ‘n suksesvolle attraksie is. (2x2) = (4)

**[15]**

## VRAAG 6

6.1 Die Wes-Kaap spog met twee Wêrelderfenisterreine. Die Kaapse Blommeryk beskermde gebied en Robbeneiland. Jy moet 'n bemarkingsveldtog saamstel vir hierdie twee terreine deur die volgende vrae te beantwoord:

6.1.1 Noem die naam van die toerisme handelskou wat jaarliks in Durban aangebied word, waar hierdie twee terreine adverteer kan word. (1)

6.1.2 Adviseer die organiseerders van die handelskou oor hoe hierdie twee terreine tydens die skou bemark kan word.
Verskaf TWEE idees. (2)

6.1.3 Ontwerp 'n leuse / slogan vir ELK van hierdie Wêrelderfenisterreine wat gebruik kan word in elkeen se brosjure.
(Dit kan in Engels of Afrikaans wees) (2)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: [50]**

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING D: VOLHOUBARE EN VERANTWOORDBARE TOERISME, TOERISME SEKTORE.

### VRAAG 7

7.1 Bestudeer die onderstaande prente en beantwoord die vrae.

| A | B |
|---|---|
|  |  |

7.1.1 Identifiseer die hotel wat die beste professionele beeld uitstraal. (1)

7.1.2 Motiveer jou antwoord genoem in Vraag 7.1.1 deur DRIE verskille uit te lig tussen die twee hotelle in die prentjie. (3)

7.1.3 Bespreek nog TWEE aspekte wat bydra tot 'n Hotel se professionele beeld (behalwe die voorkoms van die gebou). (4)

7.1.4 Noem TWEE voordele wat 'n Hotel sal beleef indien hulle 'n professionele beeld uitstraal. (2)

**[10]**

© SACAI KOPIEREG

## VRAAG 8

8.1 Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

**_FAIR TRADE TOURISM_**
**Die merk van 'n uitstekende vakansie**

Buitengewone reis-ervarings word moontlik gemaak wanneer bestemmings die welstand van mense en die planeet ter harte neem.

Ontdek hierdie tipe bestemmings in die *Fair Trade Tourism* (FTT) familie, 'n netwerk van passievolle, inspirerende toerisme leiers in Suidelike Afrika, wat gefokus is om toerisme beter te doen en wat toegewyd is aan die *Fair Trade Tourism* beginsels. Hulle vertoon trots die *Fair Trade Tourism* handelsmerk wat as bewys dien van hul toewyding om beter omstandighede te skep om in te werk, te woon en te besoek.

Die *Fair Trade Tourism* handelsmerk is die bewys van goeie praktyke rakende verantwoordelike en regverdige toerisme, en word gedefinieer deur regverdige lone en werksomstandighede, regverdige aankope, billike verdeling van voordele, respek vir menseregte, kultuur en die omgewing.
Dit beteken dat die mense wat bydra tot die area, hulpbronne, arbeid en kennis van toerisme, dieselfde mense is wat die voordele ervaar. En dat die natuurlike omgewing, waarvan bestemmings afhanklik is, met respek hanteer word.

*[Aangepas En Vertaal Uit: Https://Www.Fairtradetourism.Org/]*

8.1.1 Noem die DRIE pilare van volhoubare toerisme, wat ook deur die FTT toegepas word. (3)

8.1.2 Identifiseer DRIE beginsels van die FTT. (3)

8.1.3 Verskaf TWEE maniere hoe bestemmings wat deel is van die FTT, natuurlike hulpbronne kan bespaar. (2)

8.1.4 Verduidelik hoe die beginsels van die FTT lei tot die opheffing van die sosiale pilaar. Noem TWEE voorbeelde. (2)

**[10]**

8.2 Bestudeer die onderstaande prente en beantwoord die vrae.

A




B



C




D




8.2.1 Die bostaande prente is almal voorbeeldde van Korporatiewe Maatskaplike Beleggings (KMB/*CSI)* deur ‘n Vyfster-Hotel. Definieër die konsep van Korporatiewe Maatskaplike Belegging (KMB). (2)

8.2.2 Verduidelik hoe Korporatiewe Maatskaplike Belegging by elke prent uitgebeeld word.
Skryf slegs jou verduideliking teenoor die vraagnommer (A-D) in jou antwoordboek.
**Bv. E: Sny die plaaslike skool se gras.**

(4x2) = (8)

**[10]**

## TOTAAL AFDELING D: [30]

## AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

### VRAAG 9

9.1 Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

# Turkye aardbewing: Waar en hoekom was dit so dodelik?



**Meer as 30 000 mense het hul lewens verloor, en duisende is ernstig beseer deur ‘n geweldige aardbewing in Suid-Oos Turkye naby die grens van Sirië in die oggendure op Maandag, 6 Februarie 2023.**

Die aardbewing, wat gebeur het naby die dorp Gaziantep, was gevolg deur talle na-skokke – insluitende een na-skok wat amper so groot was soos die eerste aardbewing.

**Hoekom was dit so dodelik?**

Dit was ‘n massiewe aardbewing – 7.8 op die richterskaal. Dit het gestrek vir ongeveer 100km op die foutlyn, wat ernstige skade aan geboue en infrastruktuur veroorsaak het.

*[Aangepas en vertaal uit: https://www.bbc.com/news/science-environment-64540696]*

9.1.1 Klassifiseer die aardbewing, genoem in die artikel, onder die tipe onvoorsiene gebeurtenisse. (1)

9.1.2 Identifiseer die TWEE lande wat geraak is deur hierdie aardbewing. (2)


9.1.3 Beskryf die impak van hierdie aardbewing op die plaaslike inwoners van die areas wat getref is. Noem DRIE gevolge. (3)

9.1.4 Noem TWEE impakte op hierdie lande se INKOMENDE TOERISTE. (2)

9.1.5 Noem nog TWEE ander tipes gebeurtenisse wat ook geklassifiseer word onder jou antwoord genoem in Vraag 9.1.1. (2)

**[10]**

9.2 Bestudeer die onderstaande statistieke oor beurtkrag in Suid-Afrika, en beantwoord die vrae.




*[https://mybroadband.co.za/news/energy/470217-scary-load-shedding-statistic-revealed.html]*

9.2.1 Identifiseer of beurtkrag in Suid-Afrika toegeneem of afgeneem het vanaf 2015 tot 2022. (1)

9.2.2 Noem TWEE impakte van beurtkrag in 2022 op toerisme instellings. (2)

9.2.3 Internasionale toeriste ervaar ook beurtkrag wanneer hulle Suid-Afrika besoek. Verduidelik die persepsie wat hierdie toeriste vorm van Suid-Afrika. (2)

9.2.4 Adviseer 'n instelling wat gebuk gaan onder beurtkrag deur TWEE idees te verskaf om dit positief te hanteer. (2)

9.3 Identifiseer of die volgende toeriste wat Suid-Afrika van ander lande besoek deel van Suid-Afrika se landmark of lugmark is.

9.3.1 Toeriste vanaf Mosambiek. (1)


9.3.2 Toeriste vanaf Frankryk. (1)

9.3.3 Toeriste vanaf Indië. (1)

**[10]**

**VRAAG 10**

10.1 Die volgende statistieke is opgestel vir Bateleur Gastehuis na terugvoer ontvang is rakende hul dienslewering.
Bestudeer die grafiek, en beantwoord dan die vrae.
(Die grafiek dui van onder af sleg, medium, en heel bo goed aan)




10.1.1 Identifiseer die aspek van die terugvoer waar Bateleur Gastehuis die beste diens gelewer het. (1)

10.1.2 Identifiseer die aspek van die terugvoer waar Bateleur Gastehuis die swakste diens gelewer het. (1)

10.1.3 Adviseer die bestuur van Bateleur Gastehuis oor hoe hulle die aspek wat die swakste gedoen het, kan verbeter. (2)
Verskaf TWEE idees.

10.1.4 Verduidelik aan Bateleur Gastehuis se bestuur oor hoekom dit nuttig is om terugvoer vanaf hul kliënte af te ontvang. (2)

10.1.5 Noem TWEE metodes wat Bateleur Gastehuis kan gebruik om terugvoer van hul kliënte te ontvang. (2)

10.1.6 Sal jy Bateleur Gastehuis wil besoek?
Motiveer jou antwoord. (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING E: [30]**

**GROOTTOTAAL: [200]**